Die val van Babilon !!!



Open 18:8(b) .... ; en met vuur sal sy (Babilon) verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel. (Nuwe wereldorde)

Open 19:3 En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar (Babilon) rook gaan op tot in alle ewigheid.

Verborgenhede van Babilon

Die Babiloniese invloede het deur die eeue heen verborge geraak in die godsdiens en tog is die bewyse van die verderflike invloed op ons Christelike godsdiens, onweerlegbaar.

BABILON: beteken, hart van die teenstander van God. Vir die Babiloniërs is Babilon die poort van die gode.

Open 17:3 En hy (engel) het my in die gees weggevoer na ‘n woestyn, en ek het **‘n vrou sien sit op ‘n skarlakenrooi dier**, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.
Open 17:4 En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; "Eenwereldgodsdiens"
Open 17:5 en op haar voorhoof was ‘n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.
Open 17:6 En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.

Die vrou word genoem: Verborgenheid, die Groot Babilon. 'Verborge' in hierdie konteks dui op iets wat abstrak, misties of okkulties is. Mistieke Babilon is dus nie iets sigbaars soos 'n werklike stad nie, maar abstrak, m.a.w. 'n ideologie of godsdiens. Dit is inderdaad wat sy is - 'n heidense godsdienstelsel. As die moeder van die hoere is sy die verpersoonliking van al die valse godsdienste wat in opposisie teen die enigste ware godsdiens is. Die feit dat sy Babilon genoem word, dui daarop dat alle valse godsdienste iets in gemeen het, en dat die oorsprong van die idees waarop hulle gebou is, na die antieke Babiloniese godsdiens teruggevoer kan word.

Dit word duidelik gestel dat die sewe koppe van die dier waarop die vrou sit, sewe konings (of koningkryke) voorstel. In die tyd

toe Johannes hierdie scenario beskryf het, het vyf van dié koningkryke reeds geval, die sesde een was aan die bewind en die sewende een nog toekomstig. Hulle is:

(1) Die antieke Babiloniese ryk.
(2) Die Assiriese ryk.
(3) Die neo-Babiloniese ryk.
(4) Die Medo-Persiese ryk.
(5) Die Griekse ryk.
(6) Die Romeinse ryk.
(7) Die eindtydse ryk van die Antichris.

Die feit dat die vrou bo al dié ryke uittroon (sy voer heerskappy oor die konings van die aarde) dui daarop dat hier na heidense koninkryke verwys word wat op afgodediens en okkultisme gebaseer is. Omdat die konings en keisers van hierdie ryke in baie gevalle hulleself vergoddelik en aanbidding afgedwing het, is daar 'n baie noue assosiasie tussen politiek en die godsdiens van verset teen die ware God gevestig.

Die Bybel gebruik dikwels die vrou as simbool van 'n kerk. Die ware kerk word byvoorbeeld as 'n maagdelike vrou voorgestel. (2Kor 11:2 Want ek is jaloers oor julle met ‘n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as ‘n reine maagd aan Christus voor te stel. EN Efes 5:27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. EN Openb 19:7-8 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.) In teenstelling met haar, is hierdie vrou 'n slet. As sy dus hier ook as simbool van 'n kerk beskou word, is dit duidelik dat sy simbool is van 'n gevalle kerk.

Die verwoesting van antieke Babilon het nie 'n einde aan al die godsdienstige gebruike wat daar ontstaan het, gemaak nie. Dié dinge het in verskeie lande van die wêreld bly voortleef.

As ons kyk na die tydperk ná die vloed, sien ons dat die mense weggetrek het na die ooste.

Gen 11:2 En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle ‘n laagte in die land Sínear; en daar het hulle gaan woon.

Dit was hier waar hulle die stad Babilon gebou het, en waar die land Babilonië en die latere Mesopotamië (huidiglik, Irak) gevestig is.

Gen 11:3 Daarop sê hulle vir mekaar: Kom laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bousteen en die lymgrond vir klei.

Gen 11:4 En hulle sê: Kom, **laat ons vir ons ‘n stad bou** en **‘n** toring waarvan die spits tot aan die hemel reik [m.a.w. BAIE hoog]; en laat ons vir ons ‘n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie.

Die Tigris- en Eufraatriviere het dit 'n vrugbare landstreek gemaak, wat ryk oeste opgelewer het. Hulle het egter ook sekere probleme gehad. Die gevaar van wilde diere het dit vir almal onveilig gemaak. Enigeen wat beskerming teen die wilde diere gebied het, is dus met groot eerbied deur die inwoners van die land behandel.

In daardie tyd het Nimrod, 'n groot, sterk man, sy verskyning gemaak. Hy het roem verwerf as jagter en ons lees in die Bybel die volgende van hom:

Gen 10:8 Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om **‘n geweldenaar op aarde te wees.**

Gen 10:9 **Hy was ‘n geweldige jagter voor die aangesig van** die HERE. .....

Sy sukses het hom baie gewild gemaak onder daardie primitiewe mense en dit was nie lank voordat hy hulle leier was nie. Hy het ook aan 'n goeie manier gedink om hulle te beskerm teen die wilde diere: hulle sou in groepe (stede) woon. Dan kon hulle 'n muur daarom bou wat wilde diere buite sou hou. Dit het weer gelei tot die vestiging van 'n koninkryk.

Gen 10:10 En die begin van sy (Nimrod se) ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sínear.

Die dinge wat Nimrod gedoen het, was wel goed en reg, maar hy was 'n goddelose heerser. "Die eerste wereld- diktator"

Die naam Nimrod is afgelei van "marad" en beteken "hy het gerebelleer" OF "opstandige luiperd". Die feit dat hy 'n magtige jagter "voor die aangesig van die Here" was, kan ook beteken dat hy teen die Here gekant was. Die Joodse Ensiklopedie sê dat Nimrod "al die mense opstandig teen die Here gemaak het."

Ook die historikus, Josefus, sê: "Dit was Nimrod wat hulle só beïnvloed het dat hulle opstandig geraak het teen die Here en Hom verag het..... Sy ryk het ook geleidelik 'n tirannie geword, want hy het nie geweet hoe anders hy die mense van God kon laat wegkeer nie... die gewone mense was maar te gretig om die besliste Nimrod te volg... en hulle het met groot moeite en baie harde werk 'n toring gebou, en omdat daar soveel mense was wat daaraan gewerk het, het dit baie hoog geword... Die plek waar hulle daardie toring gebou het, staan nou bekend as Babilon." (in Irak)

Hier ontstaan die godsdienste van die wêreld, en al die afgode wat selfs vandag aanbid word, het hul oorsprong in Babilon.

Alexander Hislop het 'n studie gemaak van die Babiloniese godsdiens. Hy baseer dit op die dinge wat uit die geskiedenis, legendes en mitologie bekend is en voer aan dat die godsdiens hoofsaaklik ontwikkel het uit tradisies wat te doen gehad het met Nimrod, sy vrou Semiramis en haar kind Tammuz. Met Nimrod se dood is sy liggaam volgens oorlewering in stukke gesny, verbrand en na al die gebiede gestuur. [Ons lees ook in die Bybel van soortgelyke praktyke: Rigt 19:29 Maar toe hy in sy huis kom, het hy ‘n mes geneem en sy byvrou gegryp en haar stukkend gesny volgens haar gebeente in twaalf stukke en dit in die hele grondgebied van Israel rondgestuur. 1Sam 11:7 En hy het ‘n paar beeste geneem en hulle stukkend gesny en met boodskappers deur die hele gebied van Israel gestuur om te sê: Wie nie agter Saul en agter Samuel aan uittrek nie—so sal met sy beeste gedoen word. Toe val die

skrik van die HERE op die volk en hulle trek soos een man uit.]

Die volk was in rou gedompel oor sy dood en Semiramis het verklaar dat hy (Nimrod) nou die songod was. Toe sy later aan Tammuz, [wat buite egtelik verwek is] geboorte gee, het sy beweer dat Nimrod weer deur hom gebore is. (Die ontstaan van reinkarnasie) Semiramis het waarskynlik gehoor van die profesie dat daar 'n Messias uit 'n vrou gebore sou word, aangesien hierdie waarheid reeds van die vroegste tye af bekend was: Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. Daarom het sy beweer dat haar seun op 'n 'bonatuurlike wyse' verwek is, en dat hy die 'beloofde saad', die "verlos-ser" was. In die godsdienstige gebruike wat daaruit ontwikkel het, was dit egter nie net die kind wat aanbid is nie, maar ook die moeder. (Roomse leër ontstaan)

Die Babiloniese godsdiens wat daaruit ontwikkel het, is gekenmerk deur verborge en geheimsinnige simbole. Só was die goue kalf byvoorbeeld simbool van Tammuz. Aangesien Nimrod die songod, of Baäl, was, het hulle geglo dat sy aardse simbool vuur moes wees. Daarom is kerse en rituele vure vir hom aangesteek en is hy ook deur die simbole van die son, vis, bome, pilare en diere voorgestel.

Onder leiding van Nimrod het die post-Vloed gemeenskappe gepoog om met die gevalle engele te verenig, soos dit nog in hulle geheue opgeteken is. Die feit dat die mense dit nie meer kon verdra om in die chaotiese wêreld, siektevolle toestande, onvoorspelbare weerstoestande en verwoestende aardbewings te leef nie, het hulle gedryf om met daardie selfde magte in verhouding te tree, gevalle engele, wat verantwoordelik was vir hulle voorvaders se verval. Hierdie moes een van die grootste gebeurtenisse gewees het in die mensdom se bestaan, soveel so, dat die Here self sê: "Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van

plan is om te doen nie." Gen 11:6

Hulle soek nie die Here nie, nee, hulle soek die duiwel. Hulle volg Nimrod, bou 'n toring en soek kontak met gevalle engele. Hulle staan op die punt om deur die skeidsmuur na die Hemel toe deur te breek. Hulle wou weer kontak maak met die Seuns "Engele" van God, om weer hul verlore kundigheid te herwin, MAG EN KENNIS. Dus het God hulle 'taal verwar' en hulle 'oor die hele aarde verstrooi.'

Herodotus, historikus en reisiger uit die antieke tyd, het in verskeie wêrelddele hierdie godsdienstige gebruike teëgekom en dit het hom opgeval dat al die heidense gebruike hulle ontstaan in Babilon gehad het. Nimrod was 'n rebel, wat dan ook toegelaat het dat hy as god aanbid word. (Tipe van antichris) Sy rebellie was die basis of fondasie van die grootste afvalligheid van die mensdom. Deur al die generasies heen staan hierdie sisteem van valse aanbidding bekend as die "Babiloniese Misterieuse Godsdiens." Die basis van die geloof is om die magte van die antieke gode deur een persoon te laat werk. Nimrod het hierdie god geword en is aanbid as die mitiese god, Tammuz, en Semiramis as die go-din of die Moeder van die mensdom. Sy is die model van alle vrugbaarheidsgodinne - Ishtar, Astarte, Ashtoreth, Artemis, Isis en Diana. Hislop het hierdie godinne as Toring go-dinne beskryf. Hulle afbeeldings toon almal aan dat hulle 'n to-ringagtige hooftooisel gedra het, wat die magte van die antieke toringbouers oproep.

Moeder en kind kultus.

Hierdie afgodery het van Babilon af na al die ander nasies versprei, aangesien die mense van dáár af oor die wêreld versprei het. Gen 11:9 Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi. Met hulle vertrek het hulle dus die heidense gebruike waarvolgens die moeder en kind aanbid is, met hulle saamgeneem.

Dit is ook bekend dat die Romeinse Ryk met sy totstandkoming, baie van die heidense godsdiensgebruike van sy provinsies aangeneem het. En aangesien dit weer van Babilon afkomstig was, was die Romeinse godsdiens uiteindelik 'n moderner en meer "ontwikkelde" weergawe van die ou Babiloniese afgodediens.

Een van die duidelikste spore van die Babiloniese afgodediens in die Christelike kerk vandag, is die Rooms Katolieke Kerk se aanbidding van Maria, want dit vervang opsigtelik die antieke aanbidding van die moeder-godin. (Semiramis)

Die verhaal van die moeder Semiramis met haar kindjie Tammuz in haar arms, was dwarsdeur die Babiloniese ryk bekend en hulle het ontwikkel tot gode wat deur almal aanbid is. Met die verspreiding van die mense na die res van die wêreld, het hulle hierdie godsdienstige gebruik met hulle saamgeneem. Dit verklaar waarom soveel volke reeds eeue voor die geboorte van Jesus, 'n moeder en kind aanbid het. Uit die aard van die saak het hulle oral verskillende name gehad, want ons moet in gedagte hou dat die vestiging in ander wêrelddele juis geskied het as gevolg van die taalverwarring wat by Babel ontstaan het.

Waar die Chinese 'n godin met die naam Shingmoo aanbid het, het die antieke Duitsers weer die maagd Hetha met die kind in haar arms vereer. Vir die Skandinawiërs was sy Disa, vir die Druïde was sy Vrigo-Patitura ("Moeder van God"), en vir die Indiërs, Indrani. Die Grieke het haar geken as Afrodite of Ceres, die Sumeriërs as Nana en die Romeine as Venus of Fortuna. Hulle het vir haar kind die naam Jupiter gegee. Watter name die volke ook al aan haar gegee het, een ding is seker; sy was die vrou van Baäl, die vrugbare dog maagdelike koningin van die hemel.

Toe die kinders van Israel van die Here afgedwaal het, het hulle ook in hierdie afgodediens verval, want ons lees in Rigters 2:13 Maar toe hulle die HERE verlaat en die Baäl en die Astartes dien, (Hulle het aan haar die naam Astarte gegee.) Dis tragies om te dink dat

enigeen wat die ware God geken het, van Hom sou afdwaal om 'n afgod te aanbid, nie waar nie? En tog het die volk van Israel dit herhaaldelik gedoen! [Rigt 10:6; 1Sam 7:3-4; 1Sam 12:10; 1Kon 11:5; 2 Kon 23:13] Sy het ook bekend gestaan as die koningin van die hemel. [Jer 44:17-19] Die profeet Jeremia het hulle ernstig daaroor berispe, maar hulle was opstandig teen hom.

In Efese het die godin bekend gestaan as Diana en die tempel wat hulle dáár vir haar gebou het, was een van die sewe wonders van die antieke wêreld.

Sy is voorwaar oral in die wêreld aanbid. In Egipte het die moeder bekend gestaan as Isis, en die kind as Horus en talle godsdienstige monumente in Egipte beeld die moeder met die kindjie op haar skoot uit.

Hierdie valse godsdiens wat van Babilon af na die hele wêreld uitgedra is, het uiteindelik ook in Rome en dwarsdeur die Romeinse Ryk 'n houvas op die mense gekry. En dit was juis in die tyd toe sy aanbid is, dat die ware Verlosser, Jesus Christus, die ware kerk van die Nuwe Testament kom vestig het. Watter heerlike kerk was dit nie in daardie vroeë dae nie! Maar ongelukkig kon 'n mens teen die derde - vierde eeu na Christus reeds die spore van die heidendom in die eens suiwer kerk sien. Onbekeerde heidene is in die kerk toegelaat en is dikwels selfs toegelaat om met hulle heidense gebruike vol te hou. Hulle moes slegs enkele klein toegewings maak om hulle heidense tradisies 'n bietjie meer "aanvaarbaar" vir die Christelike leerstellinge te laat vertoon.

Een van die belangrikste bewyse dat die kerk ook heidense gebruike aangeneem het, is die feit dat hulle die aanbidding van die moeder voortgesit het - al hét hulle vir haar 'n ander naam en voorkoms gegee. Die rede daarvoor was die feit dat talle heidene na die Christelike geloof aangetrokke gevoel het, maar nie in staat of bereid was om alle bande met hulle ou lewe te verbreek nie. Hulle was nie in staat om van die godin-moeder af

te sien nie. Daarom het die kerkleiers besluit dat hulle hul lidmatetalle aansienlik kon vergroot as hulle die moederfiguur ook in die Christelike godsdiens sou opneem.

Die keuse het maklik op Maria, die moeder van Jesus geval en geleidelik het die verering van Maria die plek van die heidense moederaanbidding ingeneem.

Ons moet duidelik verstaan dat dit NIE deel van die oorspronklike Christelike geloof was nie. Natuurlik was Maria 'n voorbeeldige en vroom vou - sy is immers deur die Here self gekies om Sy seun in die wêreld te bring. Maar nie Jesus of een van die apostels het ooit gesê sy moet aanbid word nie.

Die Encyclopedia Britannica verklaar onomwonde dat daar in die eerste paar eeue van die kerk se bestaan, feitlik geen aandag aan Maria geskenk is nie. Selfs die Katolieke ensiklopedie erken dat die aanbidding van Maria eers ná die eerste eeue deel van die Christelike godsdiens geword het.

Dit was in die tyd van Konstantyn, dit wil sê, vroeg in die vierde eeu, dat Maria 'n godin geword het. In daardie tyd het die kerk die Maria-verering egter nog glad nie goedgekeur nie. Maar binne enkele jare, in 431, is dit nie slegs goedgekeur nie, maar het dit amptelik deel van die kerk se leerstellinge geword.

Hierdie amptelike besluit is in Efese geneem - in die stad waar Diana van die eerste eeue af reeds aanbid is. Diana was simbool van maagdelikheid, maar ook van die natuur se voortplantingsfunksie en sy is gewoonlik uitgebeeld met 'n kroon in die vorm van 'n toring op haar kop.

Die volk se geloof in Diana was só sterk, dat die kerkleiers van Efese besluit het om daardie toegewing te maak, want dit sou beteken dat meer mense hulle tot die Christendom sou wend. Paulus was nooit gedurende sy leeftyd bereid om enige kompromieë met die heidense gebruike aan te gaan nie. Hy het van die

standpunt uitgegaan dat mense hulle waarlik van die sonde en heidendom moes bekeer en hulle afgodsbeelde moes verbrand [Hand 19:24-27] Hoe tragies is dit dus nie dat dit juis die kerk van Efese was wat die moederaanbidding eeue later amptelik aanvaar het nie!

Al die name wat aan Maria gegee word, is nog aanduidings dat die Maria-verering 'n voortsetting van die heidense moederaanbidding is. Die naam "Madonna", wat dikwels aan haar gegee word, is volgens die geskiedskrywer Hislop een van die name wat in die ou Babiloniese tyd aan die godin gegee is. Nimrod het Baäl geword. Sy vrou sou dus Baälti wees. Die Latyns daarvoor is "mea Domina" en in Italiaans het dit "Madonna" geword.

Die Fenisiërs het die moeder-godin as "Die dame van die See" geken - en Maria het selfs al dié naam by geleentheid gekry, al is daar hoegenamd geen verband tussen haar en die see nie!!

Maria word dikwels ook die "koninging van die hemel" genoem. Dit was 'n titel wat aan die heidense godin gegee is, maar die moeder van Jesus was beslis nie die koningin van die hemel nie. Ons lees egter dat die volk reeds in die tyd van Jeremia die koningin van die hemel gedien en vereer het. [Jer 7:18-20]

Isis het ook bekend gestaan as die "moeder van God". Die kerkleiers van Alexandrieë het hierdie naam later aan Maria gegee. Sy was natuurlik Jesus se moeder, maar slegs sy aardse, menslike moeder. Dis beslis nie dieselfde as wat met "moeder van God" bedoel word nie, want met dié naam is die heidense moedergodin verhef tot 'n verheerlikte posisie. En dit is presies hoe die Katolieke Maria vandag sien.

As ons na die Babiloniese godsdiens kyk, sien ons dat hulle nog meer gode aanbid het - uiteindelik was daar sowat 5 000 gode en godinne. Net soos die Rooms Katolieke Kerk se "heiliges" - mense was, so het die Babiloniërs geglo dat hulle gode vroeër

mense was wat verhef geraak het tot 'n hoër vlak of dimensie. Elke maand en elke dag van die maand het onder die beskerming van die een of ander goddellike wese geval. Daar was ook gode vir verskillende probleme en situasies. Daar was dus 'n god vir elke oomblik van 'n mens se lewe, gode vir jou huis en tuin, jou kos en water, jou gesondheidstoestand, ens.

Hierdie antieke heidendom het wel tydens die Romeinse oorheersing tot 'n einde gekom, maar dit leef net in 'n ander vorm voort in die Rooms Katolieke Kerk. En dis nie net die aanbidding van die ou gode wat in 'n nuwe vorm voortleef nie, maar selfs hulle beelde. Daar word selfs beweer dat sommige van die beelde glad nie eers verander is nie, en net nuwe Christelike name gekry het.

Ons lees in Eksodus 20:4-5: Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

Die Obeliske of Gedenknaalde

Die heidene van die Babiloniese ryk het nie net afbeeldings van hulle gode aanbid nie, maar ook ander dinge waarin die simboliek meer verborge was. In dié verband het hulle veral gebruik gemaak van obeliske of gedenknaalde. So was daar byvoorbeeld die obelisk wat deur koningin Semiramis opgerig is en wat sowat 40 meter hoog was.

Ons lees ook in Dan 3:1-7 van so 'n obelisk wat deur Nebukadnesar gemaak is en waarvoor al die volke en nasies in aanbidding moes buig.

Dan 3:1 Koning Nebukadnésar het 'n beeld van goud gemaak; sy hoogte was sestig el, sy breedte ses el; hy het dit opgerig in die dal

Dura, in die provinsie Babel.

Dan 3:2 Daarna het koning Nebukadnésar die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneurs, die raadsmanne, die skatmeesters, die regters, die hoofamptenare en al die bestuurders van die provinsies laat versamel, dat hulle moes kom na die inwyding van die beeld wat koning Nebukadnésar opgerig het.

Dan 3:3 Toe het die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneurs, die raadsmanne, die skatmeesters, die regters, die hoofamptenare en al die bestuurders van die provinsies bymekaargekom by die inwyding van die beeld wat koning Nebukadnésar opgerig het, en hulle het voor die beeld gaan staan wat Nebukadnésar opgerig het.

Dan 3:4 En 'n uitroeper het hardop geroep: Julle word aangesê, o volke, nasies en tale,

Dan 3:5 sodra julle die geluid hoor van horing, fluit, siter, luit, harp, doedelsak en van allerhande musiekinstrumente, moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnésar opgerig het.

Dan 3:6 En hy wat nie neerval en aanbid nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word.

Dan 3:7 Daarom het, op die oomblik toe al die volke die geluid van horing, fluit, siter, luit, harp en van allerhande musiekinstrumente hoor, al die volke, nasies en tale neergeval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnésar opgerig het.

Egipte is egter die land wat veral bekend is vir die gebruik van die obelisk as godsdienstige simbool. Daar is nog baie van hierdie gedenknaalde oor in Egipte, maar talle is reeds verwyder en op ander plekke opgerig, soos byvoorbeeld die een wat in Central Park in New York staan, 'n ander wat in Londen is, en 'n ander een wat na Rome verskuif is.

Die obelisk is oorspronklik met sonaanbidding (dus Baälaanbidding) geassosieer. Die heidense volke het geweier om te erken dat God die Skepper van alle lewe is, en daardie eer aan die son gegee. Die obelisk het egter ook vir hulle seksuele betekenis gehad. Die manlike geslagsorgaan is naamlik saam met die son as simbool van lewe beskou en die obelisk moes dus ook as simbool dáárvan dien.

Die woorde "beeld" en "afbeelding" wat in die Bybel gebruik word, is afgelei van 'n paar Hebreeuse woorde. Een daarvan is matsebah, wat dui op beelde wat regop staan, oftewel obeliske [1Kon 14:23; En hulle het ook vir hulle hoogtes gebou en klippilare en heilige boomstamme op elke hoë heuwel en onder elke groen boom. 2 Kon 18:4; Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme ..... 2 Kon 23:14; Hy het ook die klippilare stukkend gebreek en die heilige boomstamme omgekap en hulle plek met mensbene opgevul. Miga 5:13 En Ek sal uit jou midde uitroei jou gesnede beelde en jou klippilare, sodat jy jou nie meer voor die werk van jou hande sal neerbuig nie.] Hammanim is nog so 'n woord en dit beteken "son-beelde" - dus beelde wat aan die son gewy is, of gedenknaalde. [Jes 17:8; en hy sal nie kyk na die altare nie, die werk van sy hande; en wat sy vingers gemaak het, sal hy nie aansien nie: die heilige boomstamme en die sonpilare. Jes 27:9 Daarom sal hiermee die skuld van Jakob versoen word, en dit is die volle vrug van die wegneming van sy sonde: as hy al die altaarklippe maak soos verbryselde kalkklippe, die heilige boomstamme en die sonpilare nie meer oprys nie.]

So 'n gedenknaald of obelisk is regop neergesit sodat die simboliek daarvan duidelik kon wees. Hulle moes na bo, dus na die son, wys - en terselfdertyd is die seksuele simboliek ook duidelik.

Die "afgodsbeeld van ywer" waarvan ons in Eseg 8:5 lees en wat by die ingang van die tempel opgerig is, was waarskynlik ook so 'n obelisk.

Eze 8:5 En Hy sê vir my: Mensekind, slaan tog jou oë op in die rigting van die noorde; en ek het my oë opgeslaan in die rigting van die noorde—en daar was aan die noordekant van die altaarpoort daardie afgodsbeeld van ywer by die ingang!

Dit was nie vreemd om so iets by die ingang van 'n afgodstempel aan te tref nie en daar het byvoorbeeld een by die tempel van Hathor, die "woning van Horus" (Tammuz) gestaan.

Daarom is dit so interessant dat daar 'n obelisk of gedenknaald voor die St Petruskatedraal in Rome staan - juis een wat van Egipte af kom! Tydens die bestaan van die Romeinse Ryk is enkele ge-

denknaalde met groot moeite en onkoste van Egipte af vervoer en opnuut opgerig. Die een wat in Rome is, is deur Caligula voor sy bekende sirkus opgerig - en dit is waar die St Petruskatedraal vandag staan. Dit beteken dat die obelisk wat in die antieke tyd voor die belangrikste heidense tempel van Egipte gestaan het (Heliopolis, middelpunt van die sonaanbidding), vandag voor die moederkerk van die Rooms Katolieke geloof staan. Is dit nie dalk meer as net blote toeval nie?

Ons weet dat sommige torings vir militêre doeleindes opgerig is. Maar daar was net so baie torings (Ziggurat) in die Babiloniese ryk wat selgs om godsdienstige redes opgerig is en altyd naby 'n tempel aangetref is.

Die Moslems (Mohammedane) maak ook van kenmerkende torings gebruik. So is daar byvoorbeeld by hulle heilige stad Mekka, talle torings te sien.

Ook die Christendom - Rooms Katoliek én Protestant - maak van torings gebruik. Selfs die kleinste kerkie het dikwels 'n toring of torinkie.

'n Paar jaar gelede is daar in 'n koerantberig gemeld van "vredes pale" wat in Suid-Afrika geplant is met behulp van ongeveer 100 Japanese. Onder andere op Tafelberg; by St George's Mall in Kaapstad en ook in Johannesburg en Pretoria. Die inskripsie op die pale lees soos volg: "May Peace prevail on Earth." Meer as 60 000 "vredes pale" was toe alreeds oor die hele wêreld geplant.

Die heidense Egiptenare het nie net die obeliske beskou as simbole van hulle gode nie, maar selfs geglo dat daardie gedenknaalde self bonatuurlike krag het. Dis hoe baie mense die kruis benader. Die kruis is vir hulle iets wat die bose geeste kan laat wyk. Daarom het hulle dit om hulle nekke gedra en op kerktorings aangebring om die weerlig af te lei, terwyl dit juis dikwels die weerlig aangetrek het na die gebou. Kruise is in huise aangebring om probleme en siekte te verdryf.

Baälaanbidding

Die gebruik om geld namens of vir 'n afgestorwene te gee, is baie oud. Die skrywer Hislop sê dat die beginsel van die vagevuur in alle godsdiensstelsels behalwe dié van die Bybel, aanvaar word en dat dit gevolglik in almal gebruik was en is om vir die dooie se siel te bid.

Dis ook moontlik dat dié gedagte verband hou met die aanbidding van Molog. Dit wil voorkom asof verskeie volke van mening was dat vuur 'n mens van jou sonde kan reinig. Daarom is die Israeliete herhaaldelik verbied om vir Molog deur die vuur te gaan. [Lev 18:21 En van jou kinders mag jy nie gee om vir Molog deur die vuur te laat deurgaan nie, dat jy die Naam van jou God nie ontheilig nie. Ek is die HERE. Jer 32:35 en hulle het die hoogtes van Baäl gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters vir Molog deur die vuur te laat gaan—iets wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in my hart nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou bedrywe om Juda te laat sondig. 2Kon 23:10 Hy het ook Tofet verontreinig wat in die dal van die kinders van Hinnom was, sodat niemand sy seun of sy dogter vir Molog deur die vuur sou laat deurgaan nie.] Die aanbidding van Molog, wat deur sommige mense gekoppel word aan Bel of Nimrod, het vereis dat mense geoffer en soms vermink word, dat die eed van onthouding afgelê word en dat die oudste kind ook aan hom geoffer word.

Hy is soms uitgebeeld as 'n afskuwelike afgod met vuur wat binnein hom brand en dan is alles wat in sy arms neergelê is, onmiddellik verbrand. Heidense priesters het dan die babas by hulle moeders afgeneem en aan die afgod "gegee". Terselfdertyd het tromslaners hard op hulle tromme geslaan sodat die gille van so 'n kindjie nie bo die geraas hoorbaar kon wees , en die ouers dalk daardeur ontstel word nie. Die woord vir tromme is tofim en dit is weer afgelei van die woord Tofet, waarvan ons in Jer 7:31 lees "En hulle het die hoogtes van Tofet gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters met vuur te verbrand—iets wat Ek nie beveel het nie en in my hart nie opgekom het nie."

Nimrod was volgens oorlewering ook die eerste van alle mense wat 'n god geword het. Hy het dus talle verborgenhede "ontsluit" of "geopen". Die woord wat in verse soos [Ex 13:2 Heilig vir My al die eersgeborenes. Alles wat die moederskoot open onder die kinders van Israel, van mense en van diere, dit is myne.] vir "open" gebruik word is die Hebreeuse woord peter. Dit is nie bekend tot watter mate dit 'n invloed uitgeoefen het op die tradisies en oorlewering rondom Petrus en Rome nie.

Die afgod Janus was bekend as die een wat "oop en toe gemaak het" Hy is as sodanig in Asië aanbid, en daarom kan ons die woorde van die Here Jesus aan die kerk in Filadelfia nou beter verstaan: Open 3:7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: Open 3:8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou ‘n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. Die heidense afgod Janus was vals, want Jesus is die enigste Een wat oop en toe kan sluit, omdat HY die sleutels in SY besit het.

Toe Rome die wêreld verower het, het hulle die heidense gebruike wat van Babilon afkomstig was en dwarsdeur die wêreld versprei het, verenig tot één heidense godsdiensstelsel. Die beginsel van opperpriester (Pontifex Maximus) was deel van hulle stelsel. Die Babiloniese heidendom, wat onder Nimrod begin het, is dus oorgedra na en verenig onder die beheer van 'n enkele Romeinse leier, naamlik Julius Ceaser. Hy is in die jaar 63 v.C. beëdig as opperheerser of Pontifex Maximus van die verborge godsdiens wat nou in Rome gesetel was. As sodanig is sy kop op alle muntstukke aangebring. Dié munte was nog in gebruik tydens Jesus se aardse leeftyd. Mat 22:17 sê dan vir ons, wat dink U: Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie? Mat 22:18 Maar Jesus het hulle boosheid bemerk en gesê: Mat 22:19 Geveinsdes, waarom versoek julle My? Wys My die belastingmunt. En hulle het vir Hom ‘n penning gebring.
Mat 22:20 En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit?
Mat 22:21 Hulle antwoord Hom: Die keiser s’n. Daarop sê Hy vir

hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.

Al die Romeinse keisers (onder wie ook Konstantyn), het die titel Pontifex Maximus gehad - totdat Gratian dit in 376 om Christelike redes geweier het. Hy het besef dat dit 'n godslasterlike titel én amp was. Teen dié tyd het die biskop van Rome egter reeds baie politieke mag en prestige gehad. Daarom is Demasus, biskop van Rome, in 378 tot Pontifex Maximus verkies - as die amptelike opperpriester van die verborgenhede.

Aangesien Rome die belangrikste stad ter wêreld was, het die Christene die biskop van Rome as die "biskop van alle biskoppe" en hoof van die kerk beskou. As gevolg daarvan het 'n unieke situasie ontstaan, want nou het sowel Christene as heidene dieselfde man as hoof van die kerk beskou! Teen hierdie tyd en in die jare wat daarop gevolg het, het die strome van heidendom en die Christendom inmekaar gevloei, totdat dit wat ons vandag ken as die Rooms Katolieke Kerk, daaruit ontstaan het. En die hoof van dié kerk, is die pous of Pontifex Maximus.

Wêreldmagte in Italië

Hoe is dit dan moontlik dat dieselfde man die hoof van die kerk kon wees, en ook die Pontifex Maximus of hoof van die heidense godsdiens? Kerkleiers het, in hulle pogings om hierdie raaisel op te los, gaan kyk of daar nie ooreenkomste tussen die twee godsdienste was nie. Hulle het geglo dat enkele ooreenkomste hulle in staat sou stel om die twee tot een te laat versmelt. Teen daardie tyd het nie een van die twee groepe meer veel erg aan fynere detail gehad nie. Hulle wou net genoeg volgelinge en genoeg politieke mag hê - die waarheid was nie meer vir hulle van veel belang nie.

Een van die opvallende ooreenkomste, was die feit dat die opperpriester van die heidense godsdiens, die Chaldese titel peter of interpreteerder gehad het. Dit het aan die leiers die geleentheid gebied om die amp van Pontifex Maximus, wat nou beklee is deur die biskop van Rome, te "verchristelik". Hulle kon die titel Peter

of Groot Interpreteerder in verband bring met die naam van die apostel Petrus, en om Peter van Rome met Petrus te identifiseer, sou hulle moes verkondig dat Petrus die eerste biskop van Rome was. [Gerugte wat eers in die vierde eeu na Christus ontstaan het.] Die oningeligte Christene het dus sondermeer aanvaar dat die pous die verteenwoordiger van die apostel Petrus was. En vir die heidene was hy weer die verteenwoordiger van Peter, die interpreteerder van die verborgene.

Iets anders wat in daardie samesmelting belangrik geword het, was die sogenaamde mistieke "sleutels" wat volgens die heidene van Rome aan die godin Cybele en die god Janus behoort het. Volgens oorlewering het die songod twee sleutels gehad toe hy in Rome aangekom het. Daarom het die sleutels simbool van die keiser se gesag as Pontifex Maximus geword toe hy opperpriester van die verborgene geword het. Toe die biskop van Rome dus in 378 dié titel ontvang, het hy ook in besit gekom van die mistieke sleutels. Dit het tot gevolg gehad dat die heidene die pous makliker aanvaar het, en nog 'n assosiasie met Petrus laat ontstaan het. Mat 16:19 En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; ..... Die pous het egter eers in 431 in die openbaar verklaar dat die sleutels in sy besit, die sleutels van gesag is wat deur die Here Jesus aan die apostel Petrus gegee is. Hy het dié aankondiging dus eers vyftig jaar nádat hy die sleutels as Pontifex Maximus ontvang het, gemaak.

Die sleutels wat die Here Jesus aan Petrus - én aan al die ander dissipels gegee het, is die boodskap van die evangelie waarvolgens alle mense gered kan word. Omdat so baie mense dit egter verkeerd verstaan, word Petrus dikwels gesien as die een wat by die deur of poort van die hemel staan en besluit wie hy daarbinne gaan toelaat, en wie nié!

Hierdie wanvoorstelling hou weer verband met die verhale rondom die afgod Janus, aangesien hy in die mitologie bekend gestaan het as die een wat alle deure en hekke beheer. Janus is voorgestel as 'n god met twee koppe - die een jonk en die ander oud. Dit het

gedui op Nimrod wat in Tammuz geïnkarneer is. Dit was ook nie net die sleutels wat met Janus geassosieer is nie, maar ook die haan. En aangesien die haan gekraai het op die nag toe Petrus Jesus verloën het, kon Janus, houer van die sleutels, maklik in verband gebring word met Petrus.

Daar bestaan geen twyfel dat die titel Pontifex Maximus NIE 'n Christelike titel is nie. Dit was die titel van die Romeinse keisers nog lank voor die ontstaan van die Christendom.

Die duur en ornamentele klere wat deur die pous gedra word, het beslis nie sy oorsprong in die Christendom nie, maar is 'n navolging van die Romeinse keisers se gebruik om so deftig aan te trek. Historici het dit dadelik opgemerk en verklaar dat die pous se klere 'n oorblyfsel uit die heidense Romeinse tyd is. Die pous dra verskillende tiarakrone by verskillende geleenthede, maar die vorm daarvan stem beslis ooreen met die krone wat deur die antieke gode en engele gedra is en wat vandag nog te sien is op oorblyfsels van Assiriese kleitablette. Dit stem ook ooreen met die kroon wat die afgod Dagon (die visgod), gedra het.

Dagon was in werklikheid 'n valse Babiloniese "verlosser". Sy naam is afgelei van dag wat in die Bybel met vis vertaal word, en beteken niks anders as visgod nie. Hy was veral onder die heidense Filistyne gewild. [Rigt 16:21-30; 1 Sam 5:4-5] In ou afbeeldings word Dagon altyd weergegee as 'n figuur wat half-mens, half-vis is. Bokant sy mensekop, is daar iets wat soos die effense oop bek van 'n vis lyk. Dit het presies dieselfde vorm as die biskopmus wat deur die Katolieke biskoppe gedra word.

Die skrywer H A Ironside sê dat die pous die "direkte afstammeling" van die hoëpriester van die Babiloniese verborgenhede is. Hy is ook dienaar van die visgod, Dagon en dra, net soos sy voorgangers, die vissersring. Hier is die versmelting van die heidendom en die Christendom weer eens duidelik. Dis ook makliker gemaak deur die assosiasie van Petrus, die visser, met die ring van die visgod. Petrus het egter NOOIT so 'n ring

gedra nie en geen mens het voor hom gebuig en sy ring gesoen nie! Hy het tien teen een glad nie eers 'n ring besit nie, want ons lees in Handelinge drie dat hy geen goud of silwer gehad het nie.

In die St Petruskatedeaal in Rome, is daar 'n bronsstandbeeld wat veronderstel is om van Petrus te wees. Dié beeld word tot só 'n mate deur die mense vereer, dat hulle die voet van die beeld soen. En die feit dat die tone al byna weggesoen is, sê vir 'n mens hoeveel keer dit al gedoen is. Hulle het ook al vir spesiale geleenthede vir die Petrusbeeld duur en pragtige pouslike klere "aangetrek".

Die gebruik om 'n beeld te soen, is 'n suiwer heidense gebruik. In die tyd van Elia het die mense almal vir Baäl (die songod = Nimrod) aanbid en hom gesoen. Daarom lees ons in 1 Kon 19:18 Maar Ek sal sewe duisend in Israel laat oorbly, al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie. Nimrod (die songod) is ook soms as 'n kalf uitgebeeld, Daarom lees ons in Hosea 13:2 En nou gaan hulle voort om te sondig en het vir hulle 'n gegote beeld van hulle silwer gemaak, afgode volgens hulle insig, geheel en al smidswerk; van hulle word gesê: Die mense wat offer, vereer kalwers met kusse! Die gebruik om afgode te soen, kom dus van die Baälaanbidding.

Daar kan dus geen twyfel bestaan dat die amp van die pous uit 'n vermenging van heidense en Christelike gebruike ontstaan het nie. Talle dinge soos die biskopmus en die sleutels is ditrek van die heidense mistologie afkomstig. Al hierdie dinge asook die feit dat Jesus beslis nie 'n pous vir Sy kerk aangestel het nie, toon duidelik dat die pous nié Christus se sleutelhouer óf die apostel Petrus se opvolger is nie.

Die mite van die Kersboom !

Jer 10:2 So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie.
Jer 10:3 Want die insettinge van die volke is nietigheid; **want 'n** boom uit die bos kap hulle om, die **handewerk van 'n am-**bagsman met die byl.
Jer 10:4 Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.
Jer 10:5 Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie.

Die Kersboom is 'n redelike "nuwe" verskynsel, hoewel die gedagte aan 'n heilige boom baie oud is. Daar is 'n ou Babiloniese verhaal wat handel oor 'n immergroen boom wat uit 'n dooie boomstam gegroei het. Die dooie stam was simbool van Nimrod, en die immergroen boompie, van Tammuz, in wie hy volgens oorlewering geïnkarneer is. Vir die Druïde was die eikeboom heilig, vir die Egiptenare die palm en vir die Romeine was die den 'n heilige boom. Almal het hulle bome vir die feestyd versier. Die Skandinawiërs het weer geglo dat hulle god Odin geskenke gee aan almal wat tot die heilige denneboom nader.

1Kon 14:23 En hulle het ook vir hulle hoogtes gebou en klippilare en heilige boomstamme op elke hoë heuwel en onder elke groen boom. [=Immergroen bome.]

Die blink versierings aan die bome herinner aan die dae van die sonaanbidding en die Kersboomgedagte is in wese 'n verering van die god Odin se heilige denneboom.

Drie Nuwe Gode van hierdie Laaste Dae.

Die drie gode van die laaste dae is alreeds hier, alhoewel hulle 2600 jaar gelede deur Daniël beskryf was.

Dan 11:36 En die koning (Antichris) sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word.

Dan 11:37 En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die liefling van die vroue (Astarte, Venus, ens wat na Semiramis herlei kan word.) en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou.

Dan 11:38 Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer, en die god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede vereer.

Dan 11:39 So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van 'n vreemde god; diegene wat hy erken, sal hy (Antichris) baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel. [Soos wat huidiglik in Zimbabwe en Suid-Afrika gebeur.]

1. Die "god van vestings" = Wetenskap en tegnologie.
2. 'n "Onbekende god". = Voorspoed en rykdom.
3. 'n "Vreemde god". = Globalisme= n nuwe wereld orde.

1. Die Boek van Daniël stem saam dat die "god van vestings" Wetenskap en Tegnologie verteenwoordig.
2. Die "onbekende god", sien ons as Voorspoed en Rykdom. Daar is 'n geweldige afgodediens rondom finansies, ekonomie, die reserwe banke, vrye mark stelsels. [Wie het dan nou die Here nodig as Mammon al die geld kan voorsien wat nodig is vir 'n gemaklike lewe.]
3. Die "vreemde god" is niemand anders as Globalisme. 'n Nuwe wêreld Orde. [New Age.] Opb 18 val van Babilon

Die invloed van Mammon, wat een van die benaminge vir die duiwel is, moet nie onderskat word nie. Hy [Satan] is die god van hierdie wêreld, en beheer al die miljoene mense wat die duisternis liewer het as die lig. Die nuwe wêreld orde [New Age] is baie sterk op die herverdeling van rykdom en die vestiging van 'n nuwe ekonomiese orde in die wêreld ingestel. Hulpbronne moet deur 'n wêreldregering beheer word.

Twee van die simbole wat tans in Europa verskyn is die van die toring van Babel en die vrou op die bees. (Open 17)

◄ 'n Kunstenaar se skets van die antike toring van Babel.

◄Die vyfpuntster [bokkop - Satanisme] op die vlag van die Europese Unie.

Die parlementsgebou van die Europese Unie in Frankryk, gemodelleer op die antike toring van Babel. In gebruik geneem in die jaar 2000.

Duitse Telefoonkaart met die vrou op die bees. (Open 17)

Die twee Euro muntstuk met die vrou op die bees. (Open 17)

20½ pennie posseël - Europa
Die vrou op die bees.

Open 17: 3 en ek het ‘n vrou sien sit op ‘n skarlakenrooi dier (Antichris)

Open 17:3 En hy het my in die gees weggevoer na ‘n woestyn, en ek het ‘n vrou (Babilon) sien sit op ‘n skarlakenrooi dier (Antichris), vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.
Open 17:4 En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery;
Open 17:5 en op haar voorhoof was ‘n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.
Open 17:6 En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.
Open 17:15 En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.

Babilon se spoedige val.

Open 18:2 En hy het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword ‘n woonplek van duiwels en ‘n versamelplek van allerhande onreine geeste en ‘n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,
Open 18:8 daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.
Open 18:21 En een sterk engel het ‘n klip opgetel soos ‘n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: **So, met ‘n vaart,** sal Babilon, die groot stad, neergegooi word **en nooit meer gevind word nie.”IDEOLOGIE”**

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.